**LAERSKOOL** **KRUGERPARK**

# LAERSKOOL KRUGERPARK NETBAL BELEID

## 1. DOEL VAN NETBAL AS SKOOL SPORT

- Dit word beoefen met die oog op fisiese en sosiale ontwikkeling van die kind.
- Dit gee die geleentheid vir vrywillige deelname maar moet deur afrigters gemotiveer word tot maksimale deelname.
- Sport is 'n middel tot 'n doel om met kinders te werk, af te rig, te speel en om hulle te lei om wedlope te voltooi ........ veral die wedloop van die lewe.
- Die ontwikkeling van opvoedkundige en agtenswaardige kwaliteite nl.
  - Deursettingsvermoë, moed, selfbeheer, teenwoordigheid van gees, spangees, konsentrasie, kameraadskap, eerlikheid, regverdigheid, dissipline.
- Om netbal op so 'n wyse te bedryf dat speler, afrigter, ondersteuner en ouers graag met die sport wil assosieer.

## 2. LIGA SPANNE

- 0/11 A-B tot 0/13 A-B speel liga wedstryde.
- 0/6 - 0/9 speel mini netbal asook toernooie.
- 0/10 speel slegs vriendskaplike wedstryde en toernooie.
- 'n Dogter mag slegs in een ouderdoms groep speel.
- Geen op speel van dogters sal plaasvind nie - m.a.w. geen jonger dogter sal toegelaat word om in 'n hoër ouderdom te speel nie al is sy beter as die ouer kind.
- 0/6 en 0/7 word deur ouers hanteer.
- Vanaf 0/8 tot 0/13 word deur onderwysers afgerig.
- By elke ouderdomsgroep is daar 'n A en B span wat liga speel. Indien daar C spanne is speel hul slegs vriendskaplik.
- A en B spanne kan kwalifiseer om aan die Limpopo Kampioenskappe deel te neem deur alle liga wedstryde te wen.

## 3. BESTUUR VAN NETBAL

- Daar sal elke jaar 'n netbal komitee verkies word waarop SBL lid moet wees.
- Die komitee kies 'n voorsitter en sekretaresse.
- Die komitee het die volgende pligte:
  - Alle klagtes en probleme rakende netbal te hanteer.(Volg stappe voor Hoof) toere en afrigtingsklinieke te reël.
  - Fonds insameling.
  - Toe te sien dat die netbal drag altyd op standaard is.(Personeel en Leerders)

## 4. KRITERIA WAARVOLGENS 'n SPAN GEKIES WORD.

### 4.1 Wat het 'n netbalspeelster nodig?

- Liefde vir die sport en goeie gesindheid.
- Selfdissipline en stiptelikheid.
- Goeie sportmangees.
- Deursettingsvermoë.
- Fiksheid.
- Netheid.
- Opoffering.
- Beste speelsters.

### 4.2 Fisiese eienskappe

**A. Goeie bal hantering**

- Sy moet enige bal wat na haar gegooi word kan vang.
- Sy moet 'n bal kan onderskep en behou.
- 'n Bal gooi dat dit nie onderskep word nie. D.w.s. goeie oogkontak en posisionering.
- Watter soort gooi die beste is om te gebruik. (tydsberekening)

**B. Skielike spoed en vaart**

- Goeie liggaamsbeheer is nodig met korrekte voetwerk.
- Vorentoe hardloop - hoe vinnig om te beweeg.
- Rigtingverandering - waarheen om te beweeg en wanneer om te beweeg.
- Moet bewus wees van die ruimte van die baan om die posisie wat sy en haar span inneem in daardie ruimte sodat sy nie ophoping sal veroorsaak nie.
- Moet die spel kan lees. (inval in die spelpatroon)
- Om die bal te behou en te bekom.
- Om die bal doeltreffend by die doelsirkel te bring.
- Speelster moet kan konsentreer, haar opponente se spel kan ontleed en planne maak.

**4.3 Die volgende posisionele eienskappe moet by die speler gesoek word.**

**A. Verdediger**

- Vermoë om alle gooie en doel gooie te onderskep.
- Tydsberekening van haar spronge.
- Lees van spel soos dit op die baan vorder.
- Poog om te voorkom dat haar opponent die bal vang.
- Ruiling met 'n hulpdoelverdediger.
- Verdediging van die doel en die terug bons deur 'n verskeidenheid metodes.
- Voorgevoel.
- Aanvallende vaardighede.
- Vinnige voetwerk.

**B. Hulpdoel verdediger**

- Tydsberekening en onderskeppings vermoë.
- Verstandhouding en ruiling met die verdediger.
- Poog om te voorkom dat die opponent die bal ontvang.
- Verdediging van speler met of sonder die bal.
- Vermoë om die spel te lees.

- Aanvallende vaardighede.
- Vermoë om vinnig van verdediging na aanval oor te gaan.
- Vinnige voetwerk.

**C. Verdedigende vleuel**

- Noue samewerking met spanmaats op verdediging.
- Afwisseling met senter om die doelsirkel.
- Opportunisties met verdediging.
- Ontwikkeling van pasverandering.
- Voordeel trek uit slordige spel.
- Hulpverlening met onderskeppings deur doelverdediger.
- Inisieer en ondersteun aanvallende bewegings.

**D. Senter**

- Beheer spel spoed.
- Verskeidenheid van senterafgooie.
- Hulpverlening met beide aanvallende- en verdedigende spel.
- Inisiatief neem in aanvallende spel.
- Balans op die baan verskaf.
- Gebruik van flous tegnieke.
- Ontwikkeling van 'n verskeidenheid gooie en bewegings.

**E. Aanvallende vleuel**

- Goeie verstandhouding met senter.
- Ontwikkeling van 'n verskeidenheid maniere om vry te kom uit beperkte spasie.
- Ontwikkeling van 'n verskeidenheid gooie.
- Ontwikkel afwisseling in spoed van bal en beweging.
- Bekwame voerder by die doelsirkel.
- Verstaan spel in doelsirkel.

- Gebruik flous tegnieke.
- Spontane besluitnemer.

**F. Hulpdoel**

- Gereedheid vir terug bons.
- Gewilligheid om doel se verantwoordelikheid te aanvaar.
- Hulpverlening aan doel om optimale doelposisie te neem.
- Ontwikkeling van bewustheid van voer- en doel skiet verantwoordelikhede.
- Effektiewe gebruik van spasie saam met doel.
- Aktiewe en effektiewe verdediging.
- Kommunikasie met aanvallende vleuel en senter tydens senter afgooi.

**G. Doel**

- Rustig en selfvertrouend.
- Doel aanteken vanaf enige posisie in die doelsirkel.
- Liggaams balans, konsentrasie en goeie oordeel.
- Beskikbaarheid aan voerders.
- Verstandhouding met hulpdoel.
- Vinnige verandering van spoed en rigting.
- Maak volle gebruik van die sirkel.
- Skep ruimte.
- Varieer tydsberekening en benadering van doel aksie.

## 5. <u>AFRIGTERS</u>

- Alle afrigters dien op die netbal komitee van die skool en is mede verantwoordelik vir die instandhouding van die sport.
- Skep van 'n aangename klimaat van afrigting vir die speelsters.
- Moet ten alle tye objektief kan waarneem, ontleed en korrigeer.
- Bly op hoogte van die nuutste afrigting metodes.

- Ontwikkel 'n goeie spangees tussen die speelsters en die vermoë om begrip vir mekaar te ontwikkel.
- Tree altyd ferm maar regverdig en simpatiek op.
- Afrigter het 'n opvoedkundige verantwoordelikheid teenoor speelsters, ouers, beamptes en toeskouers.
- Geen afrigter mag afrig waar 'n familie lid betrokke is nie.
- Geen afrigter mag 'n ouer of toeskouer in die teenwoordigheid van speelsters aan vat nie.
- Alle afrigters moet so ver moontlik hul self kwalifiseer as skeidsregters.

## 6. OEFENTYE

- Oefeninge vind plaas op Dinsdae en Donderdae middae soos deur elke afrigter gereël.
- Afrigters mag addisionele oefensessies reël, mits dit nie bots met die skool se buitemuurse program nie.
- Oefeninge mag nie korter as een uur wees nie, verkieslik een en 'n half uur.
- Kan na naweke ook geneem word vir afrigting.

## 7. VERVOER

- Vir sportdae wat "weg gespeel word" en ver is, word daar vervoer deur die skool gereël.
- Vir sulke geleenthede moet ouers 'n toestemmingsbrief teken en die gevraagde busgeld betaal.
- Indien 'n afrigter kinders vervoer moet daar skriftelik toestemming van die ouer wees.
- Ouers wat maats vervoer moet self met die maat se ouers reël vir toestemming.

## 8. SPORTDRAG

### 8.1 Leerders

- Tydens oefeninge gemaklike kort oefenbroek of netbal rompie.
- Seilskoene met sokkies.
- Liga wedstryde - die amptelike liga drag van die skool, kort blou ski pant is 'n moet.
- Seilskoene met kort blou skool sokkies.
- Geen juweliersware soos horlosies, ringe, oorringe of hangertjies nie.
- Sweetpak van die skool.
- Hare netjies vasgemaak en versorg - kuif weggesteek met haarknippies.
- Slegs die skool se Oop netbal span mag geborgde sweetpakke dra maar dit moet in die kleure van die skool wees.
- Sweetpakke mag slegs op wedstryd dae gedra word en op Vrydae.
- Tydens toere en afrigtingskursusse reis spanne met voorgestelde drag.
- Spanne moet ten alle tye die beeld van die skool uitdra en 'n eenheid vorm.

### 8.2 Afrigters

- Tydens oefeninge - enige gemaklike oefen klere. Geen skoene met hakke word op die bane toegelaat nie.
- Tydens wedstryde - Voorgeskrewe T-hemp, kuitbroek of skoolsweetpak broek.
- Seilskoene en sokkies.

## 9. NOODHULP

- Tydens wedstryde reël die skool noodhulp.

## 10. DISSIPLINE

- Afrigters mot ten alle tye stiptelik wees en dieselfde van die speelsters eis.
- Speelsters wat sonder 'n grondige rede afwesig is tydens 'n oefening word gestraf deurdat sy uitgelaat word vir die volgende wedstryd.

- ’n Speelster wat op die dag van ’n wedstryd afwesig is, mag nie die volgende dag se wedstryd speel nie, tensy die afrigter persoonlik die speelster se ouers se toestemming verkry, asook die rede vir die afwesigheid.
- Ouers se gedrag langs die baan sal na goeddunke deur die Netbal komitee hanteer word.

**11.** **SPORT TOEKENNINGS**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Spanverband : | Liga wenners | - | Sertifikaat van verdienste |
| | Limpopo deelname en naaswenners | - | Meriete sertifikaat |
| | Limpopo wenners | - | Erekleure sertifikaat en balkie |
| Individueel : | Limpopo deelname | - | Meriete sertifikaat |
| | Limpopo kleure en Interprovinsiale Deelname | - | Erekleure sertifikaat en Balkie |
| Bokkieweek : | Slegs ’n sertifikaat van verdienste | | |

Die dogter wat die hoogste prestasie behaal het in netbal ontvang ’n wisseltrofeë. Indien twee dogters dieselfde prestasie behaal het, sal die wisseltrofeë gedeel word.

GETEKEN TE **MOKOPANE** OP HIERDIE **30ste** DAG VAN **SEPTEMBER 2018**

_____________________________
Beheerliggaamvoorsitter

_____________________________
Hoof: Laerskool Krugerpark